http://lexikos.journals.ac.za

# Voorwoord

In die afdeling "Leksiko-opname" verskyn twee artikels, spesiaal geskryf vir hierdie nommer, wat veral toepaslik is vir *Lexikos* in hierdie stadium van sy publikasiegeskiedenis. Die eerste artikel deur Gilles-Maurice de Schryver gee 'n oorsig en ontleding van die bydraers en hulle bydraes tot *Lexikos* gedurende die afgelope agtien jaar. Dit toon onder andere hoe *Lexikos* geprobeer het om by te bly by die veranderinge en neigings in leksikografiese navorsing deur die toevoeging van nuwe afdelings om verskillende soorte artikels 'n plek te gee. 'n Belangrike vernuwing vanjaar kom in die vorm van 'n aparte supplement wat aan *Lexikos* groter moontlikhede bied vir die publikasie van versamelings artikels wat 'n besondere leksikografiese tema dek of langer monografieë wat 'n enkele leksikografiese onderwerp behandel. Vanjaar se supplement bevat artikels waarin personeellede van die African Languages Research Institute (ALRI) verskillende aspekte bespreek van die woordeboeke wat hulle tot dusver saamgestel en gepubliseer het.

Die tweede artikel deur R.R.K. Hartmann gee 'n oorsig van leksikografiese en tematies verwante tydskrifte. Alhoewel *Lexikos* die mondstuk is van AFRILEX, die vereniging vir die bevordering van leksikografie in Afrika, het dit ook 'n meer internasionale siening ingeneem deur artikels van 'n teoretiese aard te plaas wat sy lesers se leksikografiese agtergrond verbreed en hulle leksikografiese insig verdiep. Hartmann se artikel sal dus bydra om kontak met tydskrifte van 'n soortgelyke benadering as *Lexikos* uit te brei. Om hierdie rede word dit gevolg deur 'n Byvoegsel wat inligting verskaf van hoe kontak met hierdie tydskrifte bewerkstellig kan word.

Die redakteur wil graag bydraers bedank vir die voorlegging van artikels vir vanjaar se nommer van *Lexikos*. Aangesien dit 'n aansienlike aantal artikels bevat, het dit baie druk op die keurders geplaas. Die redakteur dra dus sy dank oor aan almal vir hul bereidwilligheid om artikels te beoordeel, dikwels op kort kennisgewing en binne 'n beperkte tyd.

'n Spesiale woord van dank moet gaan aan me. Riette Ruthven wat al die artikels professioneel en doeltreffend geset het en wat geredelik en geduldig veranderings en korreksies aangebring het in die verskillende weergawes en herbewerkings waardeur die meeste artikels gegaan het. Soos altyd was me. Tanja Harteveld beskikbaar om vinnig en vlot rekenaarkundige haakplekke en probleme uit te skakel en op te los.

J.C.M.D. du Plessis
*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

http://lexikos.journals.ac.za

# Foreword

In the section "Lexicosurvey", appear two articles, especially written for this issue, which are particularly relevant to *Lexikos* at this stage of its publishing history. The first article by Gilles-Maurice de Schryver gives an overview and analysis of the contributors and their contributions to *Lexikos* during the past eighteen years. It indicates among others how *Lexikos* has tried to keep up with changes and trends in lexicographic research by introducing new sections to accommodate different kinds of articles. An important innovation this year comes in the form of a separate supplement giving *Lexikos* greater possibilities for publishing collections of articles covering a particular lexicographic theme or longer monographs dealing with a singular lexicographic subject. This year's supplement contains articles in which staff members of the African Languages Research Institute (ALRI) discuss different aspects of the various dictionaries they have compiled and published so far.

The second article by R.R.K. Hartmann gives a survey of lexicographic and thematically related journals. Although *Lexikos* is the mouthpiece of AFRILEX, the association for promoting lexicography in Africa, it has also taken a more international view by including articles of a theoretical nature which would expand the lexicographic background and deepen the lexicographic insights of its readers. Hartmann's article will therefore contribute to extend contact with journals of a similar approach to that of *Lexikos*. For this reason, it is followed by an Appendix giving information about how contact with these journals could be established.

The editor wishes to thank contributors for submitting articles to this year's issue of *Lexikos*. As it contains a considerable number of articles, it placed much pressure on the referees. The editor therefore extends his thanks to all for their willingness to judge articles, often at short notice and within a limited time.

A special word of thanks must go to Ms Riette Ruthven who professionally and efficiently typeset all the articles and readily and patiently inserted changes and corrections in the several versions and reworkings through which most articles went. As always Ms Tanja Harteveld was available to quickly and smoothly sort out and solve computational hitches and problems.

J.C.M.D. du Plessis
*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal*